



God se Teenwoordigheid

Dr. Gerrie de Haas
gerrie@gedaministries.co.za

Jakobus 4:8

'Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!'

GOD SE TEENWOORDIGHEID

Inhoud

1. Kom in Sy teenwoordigheid in.
2. Ontmoeting met God.
3. Die Huis van Brood.
4. Bekragting.
5. Wat maak jy met jou lewe?
6. Sy teenwoordigheid bring die salwing.
7. Wie wil jy dien?
8. Vlakke van bekragting.

1. KOM IN SY TEENWOORDIGHEID IN

Die kerk het dit vandag gemaak tot by die halfpadmerk in sy reis deur die woestyn.

Ons kamp uit by die voet van die berg Sinai, net soos die kinders van Israel in die boek Eksodus.

God begin met Sy volk praat.

Dis duidelik dat hulle 'n besluit sal moet neem.

Sal hulle ingaan óf weghardloop?

Eksodus 20:18-21;

'En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan.

En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons.

Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie.

So het die volk dan op 'n afstand bly staan. Maar Moses het nader gegaan na die wolke donkerheid waar God was.'

God se bedoeling was dat almal moes naderkom, maar, toe hulle die vuur sien, gaan staan hulle op 'n afstand uit vrees.

Hulle hardloop weg van Sy teenwoordigheid in plaas van om dit te soek, soos wat Moses gedoen het.

Die eindresultaat van hulle wegvlug was dat hulle almal in die woestyn sterf en nie een bereik die beloofde land nie.

Dit was nooit God se plan dat hulle moes sterf nie.

Hy wou dat almal wat Hy uit slawerny gered het uit Egipte, moes ingaan in Kanaän.

Ons is nou as kerk en as Christene net presies weer daar.

God het ons almal uit die slawerny van sonde verlos.

Sommiges het Hy uit slegte huwelike getrek, ander is verlos uit die slawerny van alkoholisme, ander uit mishandeling of werkloosheid, of uit armoede, spanning en depressie.

Almal van ons staan nou by die voet van die berg, en ons hoor Sy uitnodiging.

Nou, hardloop ons, óf gaan ons in – in Sy teenwoordigheid in?

Daar is net twee keuses:

- * Ons gaan in na Hom toe, maak nie saak wat dit kos nie, óf
- * Ons draai net om en gaan terug na die ou pad – die pad van dooie godsdiens en tradisie.

Vriend ek weet nie van jou nie, maar ek wil nie eendag as ek oud is, in spyt terugkyk na keuses wat ek gemaak het nie.

Ek weet ek moet by die punt kom waar ek sê: 'God ek is moeg daarvan dat al die ander mense hoor wat U vir hulle sê. Ek gaan die slot van my gebedskamer toesluit totdat ek self van U hoor.'

Daar is so baie wat hierdie smeking en uitroep het.

In tye van nood en waar hulle God werklik nodig het, kom hulle agter: My wortels is net nie diep genoeg nie!

Wat het Moses in tye soos hierdie gedoen? Hy het nadergegaan.

'So het die volk dan op 'n afstand bly staan. Maar Moses het nader gegaan na die wolke donkerheid waar God was.'

Eksodus 33:18

'Daarop vra Moses: Laat my tog u heerlijkheid sien.'

Maak nie saak wat dit kos nie Here!

God antwoord hom: 'Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.'

Wanneer God sê: 'Julle kan my gesig nie sien nie..', is die meeste net daar tevrede, draai om en gaan aan met hulle ou lewe.

Toe God dit vir Moses sê en sê dat slegs dooie mense Sy gesig kan sien, het hy nie daar opgehou nie.

Ongelukkig het die kerk daar opgehou.

Maar wat is die antwoord?

Jy moet sterf! Hoe? My vlees moet sterf – doodgaan.

Die Nuwe Testament sê dood beteken: Berou en gebrokenheid.

As daar vlees teenwoordig is wanneer die heerlijkheid van God kom, sal dit dooie vlees moet wees.

In die dae van die Tabernakel het die priesters gesê:

'Maak maar 'n tou om my enkel vas. As ek sterf dan sterf ek, maar ek gaan die Koning sien! Ek gaan bloed aansmeer, ek gaan rou oor my sonde, ek gaan alles doen wat ek kan – maar ek gaan agter die voorhangsel ingaan!

Ek is moeg om net van Hom te weet. Ek wil Hom ken en Hom sien.'

Dit maak nie saak wie jy is of wat jy gedoen het nie, die enigste manier waarop jy deur die voorhangsel kan kom is deur die dood van jou vlees!

Openbaring 12:11;

'En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.'

Jy hoef net te sê:

'God, ek wil nader na U toe kom. Raak my oë aan en my hart, my ore en verander my asseblief. Ek is moeg vir myself soos ek nou is. Here, ek wil so graag in U teenwoordigheid inkom! Here, verander my, dan kan ek hierdie stad verander.'

Ons sal moet altare bou voor in ons kerke. As jy honger is dat die vuur in jou lewe moet inkom, kruip dan op na die altaar en sê:

'God, al gebeur ook wat, gooi U vuur op my en brand alles weg in my wat nie reg is nie. Brand weg Here die hout, die stoppels en die strooi in my – al wat mag oorbly is net die goud en die silwer'.

Ons moet net één ding besef: Vuur val nie op leë altare nie!

Wat is nodig?

Daar moet 'n offer op die altaar wees voor die vuur sal val.

As jy die vuur van God wil hê moet jy die offer vir God word.

Elia het nie vir die vuur gevra voordat hy nie die altaar gelaai het met 'n offer nie. Daarna het die vuur eers gekom.

Maar, ons het die kuns verloor om die Vader lief te hê!

John Wesley het altyd gesê:

'Ek gaan Sondag hier in die kerk op die altaar lê.
Julle kan kom kyk hoe brand ek'.

Sy teenwoordigheid:

Mense kom en vra: 'Waarom kan ons as Christene nie net die hele wêreld wen nie? Waarom kan ons nie net instap in 'n plek en almal kom tot bekering nie?

Die rede:

Daar is nog net nie genoeg van God se teenwoordigheid in ons lewens nie.

Sonder die krag van God se teenwoordigheid in ons, sal ons maar net so bleek en leweloos wees soos almal om ons.

Dit maak nie saak wat ons doen nie, maar sonder Sy teenwoordigheid sal ons 'net nog iemand' wees vir hulle om ons.

Ek weet nie van jou nie, maar ek is moeg om net 'nog iemand' te wees vir die verlorenes om my.

Daar is iets omtrent God se teenwoordigheid wat alle dinge om jou laat verkrummel. Elkeen wat dink om jou te opponeer, sal net in skaamte hulle koppe laat sak.

Ek het besluit:

Ek gaan die teenwoordigheid van God in my lewe soek. Ek wil so na aan God kom dat, wanneer ek in openbare plekke inkom, mense Hom sal ontmoet. Hulle hoef nie te weet dat ek daar is nie, maar hulle moet definitief weet Hy is daar.

Ek wil die geur van my Vader saam met my dra.

2. ONTMOETING MET GOD

Die Bybel sê om God te ken, is nie net om sy wonderwerke te sien nie, maar om te leer wat Sy wil vir ons is.

Hy is die skepper van die hemel en die aarde. Toe God die mens geskape het, was dit sy begeerte om iemand te maak wat met Hom één kon word in terme van liefde, goedhartigheid en getrouheid. Dit bly nog altyd die goue draad wat ons verbind aan God se skepping.

Mens is gemaak om te dink, te beplan en op te tree saam met God. As jy saam met God werk, sal jy vinnig leer wat is Sy opinie van jou en van andere en sal jy leer wat gaan volgende gebeur.

Vraag: Werk jy in eenheid saam met God?
Tree jy op saam met God?

As dit nog nie gebeur nie, weet, dis nooit te laat om te begin om God se Woord te glo nie. God is net 'n asem weg van jou af.

Eksodus 3:2-4;

'Daarop verskyn die Engel van die HERE aan hom (Moses) in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie!

En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekyk, waarom die doringbos nie verbrand nie.

Toe die HERE sien dat hy nuuskierig nader kom, roep God na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek'.

Ons word geroep om dié lewenstyl te lei waar kommunikasie met God moontlik is. Dit beteken positiewe denke, positief praat en positief optree. Dis ons wortels wat in God is.

As jy gewoon is om so te lewe, sal niks jou gedagtes en denke kan verander oor hoe jy glo nie. Niks van buite af sal jou getuienis of jou belydenis of jou fokus kan verander nie. Jou optrede sal konstant dieselfde bly. Dit is God se standaard vir jou.

Nou, God is Gees.

Dis die een mees belangrike aspek van my ontmoeting met God. Daar is 'n God – Hy is die begin en die einde, die skepper van lewe, die fontein van perfeksie – sonder enige beperkinge.

In **Romeine 4:17** is Hy die een wat 'dinge wat nie bestaan nie, roep, asof hulle bestaan'.

Kommunikasie met God kom van die eenheid wat ons in Christus Jesus het. Jesus Christus is altyd die middelaar tussen God en ons. Omdat God Gees is, moes Christus gekom het om dit te verklaar en te bewys aan ons, want ons het dit nie verstaan nie. Dit was nooit maklik om te verstaan hoe 'n mens op aarde en 'n God in die hemel, één kan word.

In dit alles is God in alles en besig om 'n generasie op te rig van geestelike aanbidders. God verwag nie net van ons die aanbidding wat binne in ons gebeur nie, maar ook dat die waarheid van ons aanbidding by ons sal uitstroom na buite. Dit sal soos strome van lewende water wees wat uit ons moet vloei. Dis hoekom Hy verwag ons sal Hom in gees en in waarheid aanbid. Die tyd is daar dat ons Hom net sal aanbid ('worship').

Die Gees in ons maak dit moontlik dat ons later ook God bonatuurlik sal kan aanbid. Ook in tale en in klanke. Dis die geestelike kommunikasie wat God begeer. Geestelike eenheid met Christus gee 'n baie diep gevoel van intimiteit – en dis net moontlik deur geestelike kommunikasie.

God is in Sy Woord en Hy doen niks sonder sy Woord nie, want Christus en Sy Woord is een. Hierdie Woord wat ek en jy in ons hande het, neem die plek in van Christus, wat ons nie kan sien nie. Deur die Woord het ons toegang tot God deur sy Gees.

Anders gestel: Jesus is die Woord waardeur God met ons praat elke dag. Ek is in dit, jy is in dit en belangrik: God is in dit. Hier kan jy God van aangesig tot aangesig ontmoet.

Elke woordjie en elke sinnetjie in die Skrif, is net vir jou. Een deeltjie praat met jou vandag en die ander een praat more, maar elke deel word deur God gestuur in jou lewe in.

Ons moet 'n verhouding met die Heilige Gees bou deur elke dag die Bybel te lees met aandag. Hy is met jou in die lewende Woord.

Maar weet een ding: Die lewende Woord is nie in die boek nie, ook nie in die geskrewe bladsye nie, maar die lewende Woord is op die lippe van die gelowiges.

Die Bybel is aan ons gegee om gewoon te raak aan hoe God praat, en hoe Hy lewe, en hoe ons Hom moet antwoord met ons lewens.

Ons lees **Johannes 3:16**;

'Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê'.

Dis hoe God oor jou voel. Dis hoe God oor die wêreld voel.

Hoe meer ons die Woord lees, hoe meer verstaan ons onself en verstaan ons hierdie God wat ons gemaak het.

Hoe meer jy die Woord oordink, hoe meer kom die vrae:

- * Het Hy vir my ook gesterf?
- * Wil Hy my lewe regtig verander?
- * Het Hy my regtig so lief?

Dit gaan nie net daaroor om die Woord te memoriseer nie, maar dat dit ons hele manier van lewe word – dit lewe dan in ons.

Later besef ons dat die Woord die brug vorm na waar God is.

Nou besef ons: Jy word dit waaraan jy jou aandag gee:

Jy is wat God sê jy is.

Jy het wat God sê jy het, en

Jy kan doen wat God sê jy kan doen.

1 Samuel 3:7-10;

'Maar Samuel het die HERE nog nie geken nie; ook was die woord van die HERE nog nie aan hom geopenbaar nie.

En die HERE het Samuel weer geroep vir die derde maal; en hy het opgestaan en na Eli gegaan en gesê: Hier is ek, want u het my geroep. Toe merk Eli dat die HERE die seun geroep het.

Daarom het Eli vir Samuel gesê: Gaan lê, en as Hy jou roep, moet jy antwoord: Spreek, HERE, want u kneg hoor. Toe het Samuel geloop en op sy plek gaan lê.

Toe het die HERE gekom en gaan staan en geroep soos die vorige kere: Samuel, Samuel! En Samuel het geantwoord: Spreek, want u kneg hoor'.

Die oomblik toe Samuel agterkom dat dit God is wat met hom praat, gee hy aandag daaraan en begin hy om te lewe in die realms daar bo. Hy begin dink saam met God, beplan saam met God en optree saam met God.

Wanneer die Heilige Gees met ons begin praat, kom daar verandering in ons lewens. Die oomblik dat jy bewus word van Sy teenwoordigheid in jou, verander jy.

As jy jou gedagtes verander, sal jou hele filosofie verander.

Die Woord is die saad van die bonatuurlike lewe wat in jou hart inkom en veroorsaak dat jou geloof groei en jou persoonlikheid word daardeur verander.

In Mattheus 4 word Jesus versoek deur Satan.

Met die Woord van God op sy lippe, heers Hy oor sy aanklaer.

Jesus het met woorde van geloof gepraat en dit het die vyand gedemolariseer en hy het weggevlug.

In **Eksodus 14:13**;

'Maar Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie'.

Die Woord van God op Moses se lippe kon heers oor die natuur.

Hy spreek net 'n woord in geloof en die Rooisee gaan oop.

Ons moet meer besef hoe kragtig God se Woord op ons lippe is.

Wat 'n mens sê, gee uiting aan dit wat in jou hart is – en dit gee geloof.

Vra dit vir die vrou wat aan bloedvloeiing gelyk het – vra haar wat die Woord in haar gemaak het?

Jesus self sê vir haar: 'Vrou, jou geloof het jou gered'.

Waar het die geloof vandaan gekom?

Dit wat sy in haar hart gesê het, het die geloof gegee: 'As ek maar net aan hom kan vat, sal ek gesond word'.

God se Woord in jou gee jou outoriteit in die hemel en ook op aarde.

Wat jy ook al hier sal spreek, sal ook in die hemel gesê word.

Wat jy ook al hier bind, sal tot in die hemel gebind wees.

Wat jy ook al hier losmaak, sal tot in die hemel losgemaak wees.

Om nie vir Christus die volle reg in jou hart te gee nie, is die rede hoekom daar 'n krisis in jou geloof is.

Neem die Woord en kom ons tree op saam met God.

Kom in Sy teenwoordigheid in.

Gebed:

Jesus Christus: As U net aan my kan raak sal ek begin lewe en sal ek gesond word en sal ek oorwin.

3. DIE HUIS VAN BROOD

Brood was nog altyd deel van die tempelpraktyk waar die 'toonbrode' in die Heilige Plek lê.

Dit was nog altyd die bewys van God se teenwoordigheid.

Daarom word die Tabernakel en later die Tempel en die kerk vandag, nog steeds beskryf as die 'Huis van Brood'.

Ons gaan terug na Jesus Christus se laaste besoek aan Jerusalem.

Hy kom triomfanklik ingery op 'n donkie. Sy volgelinge gooi hulle klere en palmtakke oor die pad en roep: 'Hosanna vir die Seun van Dawid'. Die optog gaan reg langs die tempel verby.

Skielik gaan die deur van die tempel oop en een die owerstes kom uit en skreeu: 'Julle pla die hoëpriester! Hy is besig om te bid. Weet julle waarvoor hy bid? Hy is besig om te bid vir die Messias om te kom en julle het hierdie raserige en lawaaierige optog! Gaan dadelik weg!'

Wat 'n kontras!

Die buitenste klomp weet dat Jesus Christus, die Messias, in Jerusalem is. Hulle gaan saam met Hom in – juigend en jubelend. Die binneste klomp in die kerk is besig om die eerste koms van die Messias te mis. Hulle mis die uur van Sy besoeking.

Hy was in die stad en hulle het dit nie eers geweet nie!

Die kerk mis Jesus se eerste koms, want Hy het nie gekom soos wat hulle verwag het nie. Hulle wag vir die koninklike drama, maar intussen kom Hy soos die Seun van die Mens.

Huidiglik mis die kerk ook Jesus se tweede koms!

Tydens Sy inrit in Jerusalem gaan Jesus by die tempel verby.

Hy weet dat daar nie brood is in die Huis van Brood nie.

Hy is dan die Brood van die Lewe en Hy is buite die kerk.

Hy is baie bewus daarvan dat daar binne niks aangaan nie.

In ons hedendaagse kerke kom mense keer op keer na die Huis van Brood en vind dat daar so baie van die mens daarbinne is en so min van God.

God se teenwoordigheid het verlore gegaan in die moderne kerk.
Ons is soos bakkerye wat oop is, maar geen brood het nie!

Verder is ons ook nie regtig geïnteresseerd daarin om brood te bak nie. Ons hou net van die geklets wat aangaan rondom die koue oonde en die leë rakke.

Die rede waarom mense die Huis van Brood verlaat vandag is omdat daar geen brood in die huis is nie.

Hulle verlaat dit en gaan iewers anders heen op soek na brood.

Dis die rede waarom mense by die duisende stroom na kroeë, klubs, satanisme, spiristiese mediums en afgodediens.

Hulle probeer net om 'n greep op die lewe te kry en te oorleef, want die kerk het hulle gefaal.

Daar is so baie meer van God beskikbaar as wat ons ooit dink.

Laat ons in Sy teenwoordigheid ingaan, maar ons het tevrede geraak om net op die mat te krap, opsoek na 'n paar krummels.

Dit, terwyl ons 'n oorfloed warm brood kan geniet wat God vir ons voorberei in die oonde van die hemel.

God het 'n wonderlike tafel van Sy teenwoordigheid vir ons voorberei en Hy roep die kerk: 'Kom sit aan en eet'.

Intussen is daar miljoene mense buite ons kerkmure besig om te sterf.

Satan se werk was om ons so lank vol gemorskos te voer dat ons nie meer weet hoe dit voel om regtig honger te wees nie.

In ons moet daar 'n voortdrywende passie in ons harte wees wat heeltyd sê: Daar is meer beskikbaar as wat ons weet.

Ek wil 'n goddelike ervaring hê. God self, niks minder nie.

Die ware doel van God se teenwoordigheid in ons lewens is vir evangelisasie.

As ons net 'n deel van God se teenwoordigheid in ons huise en in ons kerke kan terugdra – ja, net 'n dowwe gloed daarvan, sal dit nie meer nodig wees om mense te smee om na die Here toe te kom nie. Die oomblik dat ons weer begin brood bak sal hulle na die altare toe hardloop en hul bande van slawerny afbreek.

Die Here weet dat ons die pad vir mense probeer plavei het met pynlose, traanlose en goedkoop verlossings wat skaars 'n week hou. Waarom? Want al wat ons die mense regtig kon bied was net 'n

emosionele ervaring! Wat hulle regtig nodig het is 'n doodservaring met die heerlijkheid en teenwoordigheid van God self.

In die dae van Duncan Campbell se herlewing het die polisie hom kom roep om polisiestatie toe te kom.

Daar was soveel mense wat op hul aangesig in die polisiestatie gelê het. Hulle het so 'n sonde-berou gehad dat hulle hulself kom oorgee het en om hulp gesmeek het.

Hulle het spontaan hul sondes begin bely en gebieg oor vorige misstappe. Dit alles in net die teenwoordigheid van God se Gees. My vriend, daar is weer so 'n herlewing nodig.

Die grootste herlewing moes in Nasaret plaasgevind het.

Nasaret sou die beste plek wees want die grootste prediker van alle tye was in daardie stad.

Jesus staan in Nasaret op in die sinagoge en sê: 'Die Gees van die Here is op My'. Hy vertel hulle wat Hy wil doen: Siekes genees, blindes laat sien en die gevangenes vrylaat.

Maar Hy was nie in staat om iets te doen agv. die ongeloof van die mense in Nasaret nie. Is ons weer daar?

Die wêreld is honger, maar die brood is muf!

Waarom is daar soveel winkels wat 24 uur per dag oop is om te voorsien in die behoeftes van die publiek?

Intussen is die meeste kerke net drie tot vier uur per week oop om die volk se honger vir God te probeer bevredig.

Waarom bly die kerk nie langer oop nie? Is ons nie veronderstel om die Brood van die Lewe aan dié wat honger is aan te bied nie? Hulle is honger, maar ook slim genoeg om die verskil te ken tussen die muwwe brood van gister en die vars brood van God se egte teenwoordigheid.

Die goeie nuus is dat God se teenwoordigheid hier is vandag om Homself aan jou te openbaar.

Maar weet, dit gaan nie 'n 'goedkoop' seëning wees nie.

Jy sal moet vergeet van die opinies en verwagtinge van diegene om jou.

Soms gaan mense en ook leiers in die kerk van kusus tot kursus en van konferensie na konferensie – en hou aan om kennis te vergader. Hulle hou hul daarmee besig want hulle skram weg daarvan om met die stukkende mense in die kerk te werk.

Hulle voel baie meer rustig om gesien te word as 'vol van kennis' of 'hy ken die Skrifte', as om uit te gaan en die wêreld aan te raak.

Die meeste mense kan oorgenoeg leer van ware christenskap in maande.

Maar, so baie hou net aan om te leer en kom nooit uit by die kennis van die waarheid nie.

Hulle hou aan studeer en lees boek op boek en hul kies dat dit hulle so besig hou dat hulle nooit by die punt kom waar hul moet begin doen dít wat hulle geleer het nie.

Die probleem is dat as jy aanhou leer sonder om te doen wat jy geleer het, jy net 'n hoorder word en nooit 'n doener nie.

Dis wanneer jy begin om jouself te mislei.

Jou misleiding word later net groter en groter, totdat jy by die punt kom waar jy so ver wegbeweeg het van ware christenskap dat, as dit skielik opduik, jy dit nie meer kan herken nie.

God soek nie na godsdienstige mense nie, hy soek mense wat warm agter Sy hart aan is.

Hy wil mense hê wat Hom wil hê.

Ek wil uitroep: Here, ek wil nie net U seëninge hê nie, ek wil U hê.

Raak ons oë aan, ons ore aan en ons harte aan.

Verander my God asseblief.

Ek is moeg vir myself soos wat ek is.

Dit tyd het nou begin dat jy elke dag in jou huis ingaan en brood bak.

Steek aan die vure dat jou oonde kan begin warm word.

Die oomblik dat jy voel jou brood is reg, bring dit dan na jou voorhuis toe.

Elke mens het nie die brood nodig wat jy bak nie, maar iemand het dit vandag nodig.

Maak nou jou voordeur oop en wag. Dié mense wat jou brood nodig het, sal deur God na jou toe gestuur word.

Jy sal nie nodig hê om hulle te gaan soek nie.

Roep net: 'Vader, stuur hulle na my toe'.

AMEN

4. BEKRAGTIGING

Daar is 'n spesifieke roeping op elke gelowige se lewe.

Om die Here in krag te dien, is waarvoor ons elkeen geroep is. Hierdie is die bekragtiging van die Heilige Gees waarvoor ons wag.

Na Sy opstanding het Jesus Christus aan ons hierdie krag belowe.

Handelinge 1:8;

'En Hy antwoord hulle: Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde'.

Ons lewe in tye waar die liggaam van Christus dit werklik nodig het. Alleenlik die wonderwerkende krag van God kan 'n verlore gaande wêreld red van sonde en siekte.

Die probleem is dat ons as Christene die nederlaag aanvaar het, alhoewel dit gladnie die bedoeling is nie.

Ons is geroep om daagliks in God se krag te beweeg en dit moet gevolg word deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Dit sal 'n bewys wees van die hele doel van die Heilige Gees.

Ons roeping om al God se gawes te ontvang moet stap vir stap in ons lewens gebeur:

* Nadat ons Jesus Christus aanvaar het moet ons **wedergebore** word. Christus se bloed moet in my are begin vloei.

* Nou kom die Heilige Gees in om ons toe te rus vir wat kom.

* Dit moet gevolg word deur die **vervulling met die Heilige Gees**. Daar moet tekens wees van Sy vrug: Die teenwoordigheid van liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing en ook die spreek in tale.

* Dit moet gevolg word deur die **teenwoordigheid van die Heilige Gees** in jou lewe. Dit is die tyd dat jy besef daar is 'n diep verhouding tussen jou en die Gees.

Daar moet nou 'n krag-dimensie wees wat aanduidend is van Sy teenwoordigheid in jou lewe.

* Nou volg die **bekragtiging**.

Dit is die krag wat ek nodig het om werklik 'n verskil aan ander mense te maak. Jy sal nie net emosioneel en fisies bekragtig word nie, maar ook geestelik. Hierdie krag sal jou in staat stel om siekte en demone te beveg.

Om in krag te wandel en om die demoniese wêreld en siekte te kan oorwin, is God se plan vir elkeen van ons.

Jy moet besef dat as jy bekragtig word deur die Heilige Gees, kom die heilige teenwoordigheid van God in – genoem die 'Shekinah Heerlikheid van God'. Ek glo dat daar altyd 'n manifestasie is wanneer dit gebeur. Sommiges ween, ander kan nie staan in Sy teenwoordigheid nie, soms net daardie 'swaar gevoel'. Dit is werklik 'n bonatuurlike aanraking van God.

Daar sal altyd 'n prys wees wat ons moet betaal. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees sal ons lei om te lewe in die kragdimensie. Die vraag is net: 'Is jy bereid om die prys te betaal?'

Benny Hinn skryf dat hy in Engeland 'n man ontmoet het wat 'n baie sterk teenwoordigheid van die Heilige Gees in sy lewe gehad het. Hy sê dat elke keer as hy net naby hierdie man gekom het, het hy begin bewe. Eendag begin hy toe bid: 'Here, laat U bekragtiging op my rus soos wat dit op daardie man is'.

Die Here antwoord hom: 'Betaal die prys Benny, dan sal Ek dit vir jou gee!'

Wat is die Prys? ***Handelinge 4:13;***

'En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken'.

Dit is die antwoord.

Om Jesus se metgesel te wees – om saam met Hom te wandel. Die hele tyd – nie slegs vir 'n paar minute elke dag nie, maar elke oomblik. Dit is verseker die begeerte van die Heilige Gees om jou te lei sodat jy elke dag Sy volheid en die krag van God kan ervaar.

Die bekragtiging met Sy Heilige Gees word deur Jesus Christus gedoen. Geen mens kan dit vir jou doen nie.

As jy eers daardie spesiale aanraking gehad het, sal jou verhouding met die Heilige Gees net groei.

Wat is ons doel vandag?

Om ons verhouding met God te verdiep en om te groei na 'n hoër dimensie van die bekragting.

So baie mense in die kerk sê elke dag:

'Ek het so 'n begeerte om God se krag in my lewe te ervaar, maar ek weet nie hoe om daarby uit te kom nie. Ek is lief vir God en ek weet Hy vir my, maar ek verlang na 'n meer intiemer verhouding. Ek wil nie net van Hom weet nie, ek wil Hom ken en Sy krag elke dag ervaar'.

Ons moet besef dat dit God se begeerte is vir elkeen van ons.

As jy vra, sal jy ontvang. As jy klop sal die deur vir jou oopgaan.

As jy dit elke dag doen, sal Hy jou roepstem hoor.

Dit gaan daaroor om na 'n hoër vlak toe te gaan. Die hoendervleis wat jy al ervaar het is net 'n gevoel en dit hou nie vir lank nie, maar dit is die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Jy kan nie Sy krag ervaar as jy nie eers Sy teenwoordigheid ervaar het nie. Sonder die teenwoordigheid van die Heilige Gees, is God se stem stil.

Wanneer die bekragting van die Heilige Gees inkom, sal al die twyfel en verwarring jou verlaat. Jy sal vir ewig verander word en jy sal dit weet. Jy sal oorweldig word deur Sy liefde en Sy nabyheid en vrede sal oor jou kom.

Die sleutel is om jouself totaal aan Hom oor te gee. Alles van jouself. As jy dit doen sal Sy teenwoordigheid in jou inkom en dan kan Hy Sy krag deur jou laat begin vloei. Dis so belangrik om te besef dat die Heilige Gees in elke aspek van jou lewe betrokke wil wees.

Jakobus 4:8; 'Nader tot God, en Hy sal tot julle nader'.

Gebed: 'Hier is ek o Heilige Gees. Wandel met my asseblief. Help my om alles te ontvang wat Vader God vir my wil gee. Help my om te ontvang waarvoor ek vra. Help my om te hoor wat God vir my wil sê'.
AMEN.

Hou aan om dit te vra en al die twyfel sal begin verdwyn. Donkerheid sal vervang word met lig. Jou ore sal oopgaan om die stem van God te hoor. Wanneer die Heilige Gees nou so 'n werklikheid word in jou lewe, sal Hy 'n kanaal skep waardeur God se krag kan vloei en sal jy 'n groter intimiteit met God ervaar.

5. WAT MAAK JY MET JOU LEWE?

Elkeen van ons moet weet dat God ons wil gebruik.

Dit maak nie saak hoe oud ons is of wie ons is nie.

Die Here het my redelik laat in my lewe geroep om voltyds in Sy diens te staan.

Wat is op die ou einde die doel met ons lewe?

Ons moet elkeen kan sê wat in **Johannes 17:4** staan:

'Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring'.

Ek glo dis die hartsbegeerte van ons almal om dit eendag te kan sê.

Joyce Meyer sê altyd: 'Niks is slegter as om te voel jou lewe het geen betekenis , óf doel óf waarde nie'.

God vermaan ons in **Efesiërs 5:15-17** (Die Boodskap)

'Wees baie versigtig hoe julle leef. Leef soos mense wat weet wat God van 'n sinvolle lewe verwag en nie soos mense wat niks daarvan weet nie. Moenie jou tyd mors nie. Maak die beste gebruik van elke geleentheid wat jy kry, want ons leef in moeilike en slegte tye'.

Geen wonder dat Satan gedurig twyfel by ons saai en versoekings en struikelblokke oor ons pad bring nie.

Almal wil elke dag weet wat God se wil is vir hulle lewens.

Hulle probeer so hard om Hom te hoor, maar kry so min antwoorde!

Maar ons hoef nie te probeer nie, **ons moet net glo.**

God het ons nog altyd die belofte gegee dat Hy met ons sal praat.

Die Bybel is vol beloftes dat God dié wat Hom soek, sál beloon.

Ek glo ons almal kom by 'n plek waar ons uitroep: 'Here, wat sal gebeur as ek U wil vir my lewe mis?'

God antwoord dadelik: 'As jy My mis my kind, sal Ek jou weer vind'.

Die fout wat ons almal maak is om so maklik agter die opinies van ander mense aan te loop, sodat hulle vir ons moet vertel wat God se wil vir ons lewe is.

Die antwoord is dat jyself by Sy voete moet gaan sit.

Dalk wil Hy jou leer hoe om op Hom te vertrou - en op Hom alleen.

In tye van eensaamheid, kritiek, verwerping, tekorte en verdragings is God dikwels besig om karakter in ons te bou.

Moet nie in hierdie moeilike tye weghardloop nie! Hou uit!
Dit was nog nooit maklik om deur hierdie tye in die wildernis te kom nie. Dis die tye waar jou karakter na vore moet kom.

Onthou: Jou vermoëns en talente kan jou neem tot op die hoogste vlak, dis jou karakter wat jou daar gaan hou.

Indien beproewings reg hanteer word, kan dit jou karakter ontwikkel. Jou verhouding met God en jou karakter is die enigste twee dinge wat jy eendag saam met jou die Ewigheid kan inneem.

Ons moet in hierdie tye wat voorlê ons oë op Hom hou. Jy kan nie God se wil vir jou lewe met jou verstand alleen probeer uitpluis nie. Kom ons gaan sit by God se voete en vind uit wat Sy doel vir ons is, en doen dit dan.

Die probleme wat jy gaan teenkom gaan jou óf onderkry óf jou laat ontwikkel. Dit hang net af hoe jy dit gaan hanteer.

Gebruik dit wat God vir jou gegee het:

Mattheus 25:14-15;

'Want dit is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou. En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, **aan elkeen na sy vermoë**; en hy het dadelik op reis gegaan'.

In Sy bekende vergelykenis van die talente het Jesus vertel dat daar aan drie mense iets gegee is om in te belê – 'elkeen volgens sy bekwaamheid'.

Let op dat God slegs dit wat jy bekwaam is om te gebruik, aan jou sal gee. Moenie bekommerd wees as jy nie dieselfde talente as jou buurman ontvang het nie.

Gebruik eerder dit wat jy wel ontvang het.

Die eerste werker het syne verdubbel.

Verseker sou hy 'n waardevolle man in die kerk kon wees – om ons raad te gee hoe dit gedoen moet word!

Die tweede werker het ook syne verdubbel.

Maar by die derde werker het vrees die oorhand gekry en hy het syne begrawe.

Wanneer jy nie belê in dit wat God vir jou gegee het nie, verloor Hy sy rente en verloor jy die beloning wat jy sou ontvang het.

Onthou: Gelowiges gaan net hemel toe, maar dissipels gaan om loon te ontvang.

Vrees is jou grootste vyand. Dit laat jou geloof kwyn en dit verlam jou kreatiwiteit. Jou geld, jou tyd, jou talente en liefde is die saad wat gesaai moet word. So, saai hulle en laat hulle ontwikkel in iets waaraan jy glo en wat jou nalatenskap sal word.

Alles wat God aan jou gee is veronderstel om te vermeerder. As jy nie hierin slaag nie gaan jy dit mettertyd verloor. Christus se gelykenis eindig met hierdie woorde: 'Wat die muntstuk van hom af weg en gee dit aan die een wat die tien het'.

Het jy al opgelet dat die persone wat baie van hulself in die lewens van ander insit, gereeld vervuld word, maar hulle wat vashou aan dit wat hulle het, dit op die ou end verloor, of dit nie werklik geniet nie?

Soms is dit nodig dat God moet vuurmaak onder jou om jou aan die gang te kry.

Sommige lesse in die lewe leer ons net deur pyn en mislukking.

Spreuke 20:30

'n Pak slae suiwer die kwaad. Dit maak die binnekant skoon'.

Een van die grootste redes waarom Christene nie die volheid van God kan ontvang nie, is **EMOSIONELE WONDE**.

Christene, net soos so baie mense vandag het langs die pad van die lewe wonde opgedoen. Baie wonde is liggaamlik, maar so baie is emosionele en geestelike wonde.

Christene voel so dikwels dat God hulle teleurgestel het of hulle dalk in moeilike omstandighede net verlaat het toe hulle Hom nodig gehad het. As ons voel dat God nie gedoen het wat ons van Hom verwag het nie, laat dit ons met emosionele wonde. Skielik begin jy twyfel, skielik is daar onsekerheid, skielik is daar wanhopigheid.

Kom ons kyk na die verhaal van Jesus en Lasarus in ***Johannes 11***.

Hier sien ons die twee susters van Lasarus in presies dieselfde situasie. Hulle het 'n dringende boodskap aan Jesus gestuur oor Lasarus wat so siek was. Hulle het nie getwyfel dat Jesus dadelik sou kom nie – Hy was dan hulle vriend en hulle was lief vir mekaar. Maar, Jesus reageer nie soos wat hulle verwag het nie.

Hy begin eers Sy reis na twee dae en kom by die familie aan toe Lasarus al vier dae dood was!

Kan jy net dink hoe teleurgestel die twee susters was!

Hulle is bedroef, wanhopig en hartseer. Dink net hoe hulle vertrou in Jesus geskud is. Hulle het Hom sien wonderwerke doen en al hulle vertrou was in Hom. Hy het altyd gesê Hy is lief vir hulle maar ten tye van hulle ergste nood het Hy hulle gefaal! Wat 'n tragedie.

In die kerk is daar vandag baie sulke verwondes.

Hulle het ook op Jesus gewag. Hulle het ook hul vertrou in Hom geplaas, maar toe doen Hy presies wat hulle nie verwag het Hy gaan doen nie. Die fout is dat ons soveel keer verwag dat Hy iets moet doen op die manier wat ons dit wil hê.

Die teleurstelling maak dat ons nou sit en redeneer waarom Jesus verkies het om op 'n sekere manier op te tree.

Een of meer van die volgende moontlikhede kom by ons op:

1. Miskien het Hy nie werklik krag om iets te doen nie.

As Hy krag het, waarom sien ons dit nie in die kerk nie?

Christene vind dit al hoe moeiliker om te glo dat daar werklik in Jesus se tyd wonderwerke was. Waar is die krag?

Tog hoor hulle van wonderwerke wat op ander plekke gebeur en dan kom die vraag: Is ek op die regte plek?

2. Miskien is hierdie dat God my sal oppas en oor my sal waak sommer net stories. Waar is God dan elke keer as dit moeilik gaan?

Hoekom voel ek dat in sulke tye moet ek maar na myself omkyk?

Dalk gee God nie regtig om vir my nie.

Dalk is Jesus net so onbetroubaar as mense.

3. Alhoewel ek glo dat alles vir God moontlik is, is dit nie Sy wil om my te help nie. Ek glo Hy kan, maar hy wil nie, want hoekom doen hy nie wat **ek** wil hê Hy moet doen nie.

U weet, oor jare het daar 'n prentjie in ons koppe gekom dat God so 'n tipe God is. Toe ek jonk was het die tradisionele kerk dit so vir my geleer. God is almagtig en Hy sal jou straf as jy net uit pas uit is.

Die gevoel van verwerping en vrees vir God het uit so 'n siening gekom.

Omdat hulle wat my geleer het in die kerk en in die

Sondagskool God nooit as 'n liefdevolle Vader gesien en ervaar het nie, is dit die prentjie wat vir my ook geskilder is.

Daar was soveel kontroversie!

Hoe gaan ek nou my persepsie verander?

Wat ook al jou aannames is, dit lei altyd tot ongeloof.

Situasies soos hierdie lei tot wonde en verwerping wat ervaar word as 'n ouer, 'n eggenoot, 'n kind of 'n intieme vriend jou teleurstel.

Martha en Maria het op dieselfde manier opgetree toe hulle gesê het dat as Jesus daar was, sou Lasarus nie gesterf het nie.

Hulle teleurstelling is baie duidelik omdat hulle geglo het Jesus het hulle in die steek gelaat.

God het 'n plan in ons omstandighede.

Hoekom het Jesus hier opgetree op 'n ander manier?

As jy lees in Johannes 11 dan wys dit baie duidelik dat Hy dit as 'n geleentheid gesien het, nie net om God deur 'n wonderwerk te verheerlik nie, maar ook om die geloof van Sy dierbare vriende te versterk.

Die Jode van daardie tyd het iemand wat sterf daardie selfde dag begrawe, suiwer agv. die hitte.

Hulle het ook geglo dat die persoon se gees nog vir drie dae oor die aarde sweef. Na die derde dag is dit aanvaar dat alles verby is en op die vierde dag is die graf verseël en die persoon is dan amptelik dood verklaar.

Hierdie dag het dus 'n baie spesiale betekenis van finaliteit en onomkeerbaarheid gehad. Maar beslis nie vir Jesus nie!

Hy het geduldig vir die oomblik van menslike finaliteit gewag en het toe vir Lasarus uit die dood opgewek.

'n Stinkende lyk kom uit die graf uit en leef.

Ons moet ook weet dat hierdie drie dae wat Lasarus in die graf was en toe weer lewendig geword het, presies is wat net daarna met Jesus self sou gebeur. Jesus het kom kyk hoe gaan Sy eie liggaam lyk na drie dae in die graf. Toe Lasarus opstaan en lewe het Hy geweet dit is presies wat met Hom ook gaan gebeur.

Al hierdie gebeure het 'n emosie in Jesus veroorsaak – Hy ween.

God was al die tyd in beheer en dit is presies wat ook in jou lewe gebeur. God is in beheer. Dit net ons wat na ons eie wonde kyk en treur soos iemand wat sonder hoop is.

As jy emosionele wonde het, weet daar was 'n plan gewees.

Moet net nie God se plan in jou lewe mis nie.

Hoe gaan jy optree as sulke situasies opduik?

- * Jy moet in Sy liefde en plan vir jou glo (Joh 11:40; Heb 13:5)
- * Glo dat Hy 'n plan het en dat Hy vir jou optree en dat Sy planne die beste is. **Jeremia 29:11:**
'Ek weet wat Ek vir julle beplan het' sê die Here. 'Ek beplan voorspoed vir julle, nie teëspoed. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê'.
- * Besef dat die werke wat Jesus hier gedemonstreer het bewys dat hy in beheer is. Dit neem ons vrees weg en gee vrede.
- * Jy moet hoop hê in Jesus se opwekkingskrag – dit sal al jou wanhoop wegneem.
- * Glo in God se getrouheid soos wat in Sy Woord openbaar word.

Jesus het gesê: 'Ek is die Opstanding en die Lewe!' Hy roep na jou uit die hemele uit om op te staan en te leef!

- * Die kern van die saak is: God is aan die werk in jou lewe, selfs al besef of verstaan jy dit nie. Dis egter baie makliker en tot jou voordeel indien jy met Hom saamwerk.

6. SY TEENWOORDIGHEID BRING DIE SALWING:

Alles begin die dag as jy tot bekering kom.

Saam met Jesus Christus, kom die Heilige Gees ook in.

Daar sal 'n tyd kom dat jy sal begin bid: 'Kom in Heilige Gees en word 'n deel van my daaglikse lewe. Kom gaan saam met my.

Kom help my om te ontvang, dit wat Vader God vir my het.

Kom help my om te hoor wat Vader vir my wil sê'.

Hy sál inkom as jy vra – dis Sy belofte.

As die Heilige Gees inkom, sal;

- * Al die deurmekaarheid in jou kop sal stop.
- * Duisternis begin verander in lig.
- * Jou leë hart word gevul met Sy naby-wees.
- * Jou ore begin skielik die stem van Vader hoor, want Sy stem is stil sonder die Gees se teenwoordigheid.
- * Wat jy nou vir God vra deur Jesus Christus, begin gebeur.
- * As die Gees inkom begin Hy 'n werklikheid in jou lewe word.

Vrae in die kerk:

- * Wat is die vervulling met die Heilige Gees? *Het ek dit nie vanself net ontvang nie? *Moet ek dit regtig kry?

Die vervulling met die Heilige Gees is die werk van Jesus Christus in jou lewe – geen mens kan dit doen nie.

Soos wat al hierdie dinge in jou lewe gebeur, begin jy verstaan:

Daar is iets meer as net die vervulling en die teenwoordigheid van die Heilige Gees – en dit is sy bekragtiging en sy salwing.

Dit kan alleenlik gebeur as jy jouself totaal opoffer en leeg word van jouself. Nou kom God se krag in jou in.

Handelinge 1:8 'Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom'.

Soos wat Sy teenwoordigheid besit neem van jou, so sal sy krag deur jou begin vloei.

Jou grootste ideaal moet nie wees om die gawes te kry nie,

maar vir die teenwoordigheid en die krag van God in jou lewe.

Die gawes mag dalk nie jou lewe verander nie, maar Sy teenwoordigheid sal verseker.

Wees verseker dat hierdie teenwoordigheid vir almal is.

Romeine 8

Hier vertel Paulus vir ons wat gebeur as die Heilige Gees se teenwoordigheid en krag in jou lewe inkom:

* Ons sal vrygemaak word van die lewe van sonde.

Daar mag vir jare lank al areas in jou lewe wees waarmee jy worstel. Soos wat die Gees inkom sal Hy jou help om los te kom van dit wat jou gevange gehou het.

* Geregtigheid sal in jou inkom soos wat jy leer om met die Gees te wandel.

* Jou sielsdimensie sal verander.

Jy sal begin om nie meer jou gedagtes te hou op die 'dinge van die vlees' nie, maar op 'geestelike dinge'.

* Jy sal in 'n tyd van 'vrede' inkom.

* Jy sal sterf aan jouself.

* Jy sal intimiteit met God die Vader begin beleef en opkyk na Hom en sê: 'Abba, Vader'.

Die salwing in jou lewe kom met 'n prys.

Wat is hierdie prys ?

In **Psalm 63:2** roep Dawid; 'O God, U is my God.

U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U'.

Die prys om God se teenwoordigheid te kry; is liefde.

Alomteenwoordige, volkome oorgawe en liefde.

Om hierdie liefde volkome te kry moet ons vir lang tye in gebed gaan. Dit is hier waar God jou kan help om die 'vlees' te kruisig.

Hoe langer ons op ons knieë deurbring, hoe minder bly daar van die 'vlees' oor.

Om te sterf aan jouself begin as jy op jou knieë is. Hierdie is 'n daaglikse aktiwiteit. Jy moet nie net betsaan nie, jy moet lééf!

Dit is nie jou gebede nie en dit is nie jou vermoëns nie, maar hoeveel jy kan oorgee, wat tel. Dit is alleenlik as God jou kan vertrou dat Hy jou Sy salwing sal gee.

WAT IS GOD SE HEERLIKHEID?

Die heerlikheid van God is die persoon en die teenwoordigheid van God, die Heilige Gees, in jou lewe.

As jy Sy teenwoordigheid beleef, sal jy Sy heerlikheid sien.

Jy voel die warmte van Sy liefde en die vertroosting van sy vrede.

Dit is Sy salwing – salwing wat alleenlik deur Sy teenwoordigheid gebring word.

Ja, die teenwoordigheid van God is Sy heerlikheid.

Ek wil hê jy moet verstaan:

Die teenwoordigheid van die Heilige Gees moet eers daar wees – dit lei direk na bediening en salwing ('anointing')

Die teenwoordigheid moet eers daar wees – dan die 'anointing'.

Wat is die 'anointing' / die salwing in jou lewe?

Dit is die KRAG VAN GOD.

Jy het hierdie krag nie net nodig om ander mense te help verander nie – jy het dit self nodig sodat jy kan staande bly.

Weer: Die 'anointing' is die krag van God !

Dit is hierdie krag wat die hemel en die aarde gemaak het.

Dis die krag wat Jesus Christus weer laat opstaan het uit die dood.

Herhaal nou weer:

- Die teenwoordigheid van die Heilige Gees lei na die salwing van die Heilige Gees.
- Die salwing is God se krag.
- Hierdie krag bring manifestasie voort en dit is die bewys van

God se teenwoordigheid.

- Die salwing self kan nie gesien word nie maar die krag en die effekte, wat die manifestasie daarvan is, kan gesien word.
- Niemand kan ooit sê: 'God was hier' maar daar was nie tekens en effekte van Sy teenwoordigheid nie.

Jesus self sê in **Handelinge 1:8**;

'Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem'.

Julle sal krag ontvang – die salwing / die bekragtiging, die vrug van die Gees, die geestelike gawes - nadat die Heilige Gees oor julle gekom het.

Die vrug van die Gees is direk gekoppel aan die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Die gawes van die Gees, is direk gekoppel aan die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Die teenwoordigheid moet nou inkom en nooit weer weggaan nie.

God se stem word gehoor in Sy teenwoordigheid, en dit stel jou in staat om onder die salwing, net te praat – en dit bring altyd resultate.

Weer:

Die teenwoordigheid van God dra altyd **Sy** stem.

Die gawes van God dra **jou** stem – jy is die een wat dit uitspreek.

Sy krag was nog altyd vir dienswerk – nie net vir hoendervleis nie.

Ons beleef 'n tydperk dat God op bonatuurlike maniere beweeg gaan beweeg.

Hy volg nou weer die prediking van Sy woord op met tekens en wonders, soos hy beloof het in Sy Woord Hy sal doen.

JY MOET DIT HÊ!

Die salwing en bekragtiging is absoluut noodsaaklik as jy deur God gebruik wil word.

Dit volg op Sy teenwoordigheid en vereis dus groter verantwoordelikheid, maar ons moet dit kry.

Om net 'n kind van God te wees is Sy nabyheid en Sy liefde genoeg om daaglik saam met hom te wandel.

Wanneer God 'n mens roep, kom sê Hy: 'Kom, en gaan dood aan jouself'. As jy nog nie iets gekry het om voor dood te gaan nie, dan het jy nog nie iets gekry om voor te lewe nie.

Die oomblik dat jy 'n keuse maak om deur God gebruik te word, om 'n arbeider vir sy oes te wees en mense te bedien, dan verander dinge vinnig.

Dit maak nie saak wat jou geestelike roeping is nie – die oomblik dat jy so 'n keuse maak, het jy God se salwing en Sy krag nodig.

Krag vir wat?

Krag om te bly staan in jou roeping – om die bose geeste in die lug en aanslag op jou bediening te weerstaan.

Jy sal nooit jou roeping ten volle vervul sonder sy salwing en die teenwoordigheid van die Heilige Gees nie.

Die krag is absoluut essensieël. Jy kan op die kansel staan, in verlande reis as 'n evangelis of bid vir mense in die kerk – as God se krag nie saam met jou gaan nie, sal jy min vermag.

Mense sal net niks sien as jy bedien nie – geen nuwe bekeerlinge nie,

geen genesings nie, geen bevryding of geen groei nie.

Nee, die krag is 'n moet.

Soos wat jy voortgaan in die salwing, sal God jou voortdurend vertrou met meer krag.

Die salwing is totaal afhanklik van jou gehoorsaamheid.

Meer gehoorsaam – meer krag. Nie gehoorsaam nie – en alles stop.

HOE BEDIEN ONS MENSE?

* Alles in jou salwing bediening berus op **jou** woorde.

God kan nie beweeg as **jy** nie praat of beveel nie.

* Dit hang van jou optrede en jou vrymoedigheid af.

Die salwing kan nooit vloei en mense aanraak terwyl jy bang is nie.

Vrymoedigheid is 'n moet.

* Jy moet die wapens wat God jou gee nou gebruik.

Hy gee aan ons Sy Naam en Sy woorde.

Hy sê dan vir ons: 'In My Naam sal julle. Doen dit'.

Daar is natuurlik ook 'n ander vereiste:

As Sy teenwoordigheid nie in jou lewe is nie, sal niks gebeur nie.

Die Heilige Gees is hier om jou te help – dis Sy werk.

Hy sal jou lei, jou wys en jou leer.

As jy 'n verhouding het met die Heilige Gees – dan kom alles in pas.

Hoe meer jy die Skrifte ken en hoe meer jy van God weet, hoe meer kan Hy jou vertrou met Sy krag.

7. WIE WIL JY DIEN?

In ons soeke om in God se teenwoordigheid te kom is hierdie vraag so belangrik. Vir wie leef jy eintlik?

Gaan dit oor jou verhouding met God of gaan dit oor jouself?

Josua 24:14-15

‘Vrees dan nou die HERE en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien die HERE.

Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, **kies dan vir julle vandag wie julle wil dien**: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien’.

Dis die belangrikste vraag wat alle Christene moet antwoord: ‘Wie wil jy dien?’ Daar is baie ander vrae en antwoorde oor bybelse aangeleenthede, maar dis meestal maar net een persoon se mening teen ’n ander persoon s’n. Dis verseker die geval oor dinge soos getroude lewe, egskeiding en geestelike groei in families.

Moenie ander die mag gee om te besluit wie jy is nie – dis slegs hul opinie.

Soms dwing omstandighede jou om nader aan God te beweeg.

Die probleme wat jy gaan teenkom gaan jou óf onderkry óf jou laat ontwikkel – dit hang net af hoe jy dit hanteer.

Probleme wat opduik wys dikwels ’n nuwe rigting aan en motiveer ons om te verander.

Indien jou beproewings reg hanteer word, kan dit jou karakter ontwikkel. Jou karakter en jou verhouding met God, is twee van die dinge wat vir ewig saam met jou sal wees.

’n Verloor-karakter gaan jou verseker aan die verloorkant plaas.

As jy al jou tyd met eerste-klas mense spandeer, kan dit jou ’n eerste-klas mens laat word.

As jy al jou tyd met derdeklas mense spandeer, kan dit jou in ’n derdeklas mens verander.

Kyk maar wat doen verkeerde vriende aan kinders op skool of wat

doen 'n verhouding van jou dogter met 'n verkeerde man aan haar.
Kyk na die resultate!

Ek lees onlangs hierdie mooi stukkie:

Mense is soos teesakkies. Indien jy wil weet wat binne-in hulle is, laat hulle net in warm water beland, dan sal jy sien wat binne skuil!

Sommige lesse leer ons net deur pyn en mislukking.

Sukses word nie net in prestasie gemeet nie, maar ook in die lesse wat ons geleer het.

Sukses word bepaal in die lewens wat ons aangeraak het en die oomblikke wat ons op ons lewenspad met ander spandeer het.

'n Mens se moraliteit, sy sedes en sy gedrag sal baie keer ook sy teologie bepaal, nie die teenoorgestelde nie.

Mense kies eers hoe hulle wil lewe, dan sal hulle vir hulle 'n wêreld om hulle bou wat daarby sal aanpas.

Dis baie ongewoond dat 'n mens eers alles wat in die Bybel staan sal lees en dan 'n lewe bou wat presies daarby aanpas.

En hierdie is dieselfde vir Christene en nie-christene.

Jy kan nie net bestaan nie – jy moet lééf!

Jy is nie verantwoordelik vir wat mense van jou dink nie, maar jy is verantwoordelik vir wat jy aan mense gee om oor jou te dink.

Ongelukkig laat die Here nie vir ons as sy volgelinge hierdie opsies toe nie.

Hierdie opsie om 'n lewe te bou volgens die sosiale standaarde van die wêreld om ons, en tog elke dag rond te loop en te sê: 'Jesus is die Koning van my lewe', is nie deel van God se plan nie.

Mattheus 7:21-27;

'Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?

En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die

winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot'.

Wat sê Jesus Christus hier vir ons?

Ek glo dat die lewensstyle en sosiale standarde van die westerse wêreld om ons vandag, net so ver verwyder is van God se standaard, as wat die Amorieëte verwyder was van Israel, in Josua se tyd.

Josua het daarom 'n uitdaging aan hulle gerig. 'n Keuse daar gestel aan die kinders van Israel, om te kies wie wil hulle dien.

Wat laat jou dink God wil nie dieselfde keuse aan jou rig vandag nie. Jy moet weet: Werklike oorwinnaars is gewone mense – hulle veg net vyf minute langer.

Ons as die liggaam van Christus staan voor dieselfde keuse:

Wie wil jy dien? God of jouself?

Die hele lewe om ons is gereed om net hulle self alleen te dien.

Geluk en selfverheerliking en tevredenheid het die god geword wat die wêreld vandag gekies het om te dien.

Ongehoorsaamheid het altyd gevolge – en dis slegte gevolge!

Indien ons sê dat ons ware volgelingen van Jesus Christus is, maar dis tog die wêreldse standarde en waardes wat ons navolg, is die 'eie ek' ongelukkig nog op die troon.

Dis wanneer ons in misleiding val en ons wettelose dinge doen, dan is ons besig om ons huise op sand te bou.

In God se Koninkryk is 'om gelukkig te wees' nie die doel van die lewe nie.

Gehoorsaamheid en reinheid van hart en die uitbreiding van Sy koninkryk, is die doel.

Vreugde en die volheid in my lewe is die byprodukte wat kom deur Jesus te volg - dis nie my doel nie. Iemand wat die byprodukte nastreef liewers as die doel, mis gewoonlik albei.

Wat sê **Markus 8:34-37**?

'En toe Hy die skare saam met sy dissipels na Hom geroep het, sê Hy vir hulle: Wie agter My wil aankom moet sy staf van outoriteit opneem en My daagliks volg.

Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red. Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?'

Om net te lewe om jou lewe te red is nie waaroor dit gaan nie.

Dis gewoonlik in daardie proses dat jy juis die lewe verloor wat jy op jou manier wil red.

So, om Jesus te dien en om jousef te dien staan direk teenoor mekaar en dit kan nooit werk nie. God het nog nooit iemand forseer of druk op iemand geplaas om Hom te volg nie.

Dit bly 'n vrye keuse. Dit is presies wat die keuse was wat die Israeliete moes maak in Josua sy tyd.

Hoe gaan ek en jy regtig in God se teenwoordigheid inkom?

Wat is hierdie keuse regtig?

As ons sê ons volg Jesus maar ons hou aan om die wêreldse dinge lief te hê, val die klem net op myself.

As ons die begeerlikhede van die wêreld kies en nooit wil nader trek na God toe nie, dan het ons klaar daardie keuse gemaak – klaar gekies teen Hom,

Al wat oorbly is dat jy jousef net 'bluff', jy weet dit nie eers nie.

Jy kan nie die gode van die Amoriete en Jesus dieselfde tyd dien nie!

As dit jou doel is om al die pyn van die wêreld te vermy en toegespits te wees op persoonlike geluk, moet net nooit ooit dink dat daar nie 'n keuse ter sprake is nie.

Rykdom kom en gaan. Dis ons karakter wat ons treë standvastig maak, nie ons goud nie.

Wat bly oor: Die goeie nuus vir hulle wat 'n begeerte het om Hom te dien en in Sy teenwoordigheid in te gaan, beteken dit meer as lewe. Maar, om uit alles uit te stap is nie maklik nie.

Vir solank was jyself die koning van jou lewe en die dinge wat jy gedoen het en die dinge wat jy maar net toegelaat het in hierdie tyd, tel nou skielik teen jou.

Daar is soveel onbybelse sake net toegelaat.

Daar is bv. soveel mense wat deur kerkleiers getrou is wat vooraf geweet het dis die verkeerde ding om te doen.

Dit moet lei na een ding:

DIE VOORLOPERS MOET BELY:

En ons praat nie net hier van predikante nie, maar met elkeen van ons wat al iemand beraad het, vir iemand raad probeer gee het en groepies gelei het.

As leiers moet ons bely: Hoeveel van ons het nie maar net geword wat die wêreld van ons verwag nie. Ons het soveel dinge gesê wat nie gestrook het met God se Woord nie.

In dit alles het ons net eie eer en geld nagejaag.

Ons het 'n keuse: Òf die bybel óf ons kultuur - maar een ding is seker, ons kan nie die bybel in ons kultuur probeer indruk nie – dit sal net nooit daarin pas nie.

Die kerk – ons almal – is gemaak om die beeld van God te dra.

Ons is geroep om aan kinders en die wêreld te wys wie God is, en wat Sy geaardheid is.

Jesus bid in sy gebed vir die kerk: ***Johannes 17:22b-23;***

'Maak sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.

Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het'.

Hieruit is dit baie duidelik waarom die kerk één moet wees:

Dat die wêreld moet weet dat die Vader vir Jesus gestuur het, en dat die wêreld moet weet dat God vir ons lief is.

As dit nie gebeur nie kan ons aflei dat die wêreld sal wonder wie is Jesus en of Vader regtig vir ons lief is. Nou dit is presies wat vandag gebeur.

Mense wonder – selfs dié in die kerk wonder.

Ons lewe in die kerk net vir onself – dis die boodskap wat ons dan uitstuur.

Wanneer jy oor jouself begin omgee – begin jy om iemand lief te hê. Maar, as jy vir andere begin omgee, sal iemand anders jou begin lief hê.

Oplossing: 'Staan op, word verlig!'

Met hierdie woorde roep God jou om in vrymoedigheid vorentoe te kom. 'n Stap in wat hy alreeds vir ons gedoen het.

Jesaja 60:1

'Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlijkheid van die HERE gaan oor jou op'.

Jesus Christus het gekom om die lig van die wêreld te wees.

Die oomblik dat jy Sy koningskap aanneem en Hom verwelkom, skyn Sy lig op jou.

Dit is die lig van Sy liefde en vergifnis wat alle donkerheid verdryf.

Dit is hierdie Lig wat ook die verhouding tussen jou en God verlig.

Glo dit nou en loop daarin.

'Gee van jouself en jy sal meer ontvang as wat jy gegee het'.

(Antoine de Saint-Exupéry)

Kom ons bid:

Here Jesus, ek kom gee my alles oor aan U vandag.

Ek kom plaas my lewe onder U beheer.

Here Jesus, laat U lig kom!

Laat U heerlijkheid oor my skyn.

Help my om die lig van die wêreld te wees.

Here, verdryf die donkerheid uit my lewe.

Ek spreek oor myself: OORWINNING EN LEWE IN OORVLOED.

AMEN.

9. VLAKKE VAN BEKRAGTIGING

VERSKILLENDE SALWINGE

Wanneer ons dieper gaan kyk na salwing en bekragtiging in ons lewens sien ons soms 'n patroon daarin, maar soms sien ons net God se hand in dit alles.

Deur die Gees begin jy agterkom dat daar nog baie meer is. Hoe dieper jou verhouding met God is, hoe makliker kom jy agter dat daar meer is as net die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dit wat nog moet kom is Sy bekragtiging. Jy kan egter nie God se krag ken as jy nie eers ten volle in Sy teenwoordigheid is nie.

Ons as Christene het 'n potensiaal wat altyd ontwikkel moet word.

Wanneer ons kennis opdoen oor sekere geestelike sake, bring dit altyd God se moontlikhede na ons toe – as werklikhede.

Die verskillende vlakke van bekragtiging en die lering daaroor, doen dieselfde.

Vrae: * Wat is God se doel met my?

* Tot wat is ek in staat in Christus Jesus?

* Is bekragtiging ook vir my?

* Moet ek hierdie salwing ook kry?

Kom ons kyk na die drie vlakke van salwing en bekragtiging:

DIE EERSTE BEKRAGTIGING:

SALWING VAN VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES:

Dit word deur Jesus Christus gedoen.

Jy moet wedergebore wees om hierdie salwing te ontvang.

Jesus Christus is die volmaakte offer en die enigste een wat sonde kan wegneem, net omdat Hyself dit oorwin het.

Na wedergeboorte volg die **Bloed- en Olie reiniging**.

Dit is die daaglikse skoonmaak van jouself.

Die aanwending van die bloed van Christus en die olie is simbolies van die aanraking en die invloed van die Heilige Gees in jou lewe.

Na wedergeboorte begin die tydperk waarin God se teenwoordigheid en later Sy vervulling in jou inkom.

Die oomblik dat jy die Heilige Gees toelaat om jou te beheer, begin Sy werk in jou lewe.

Die Vrug van die Heilige Gees word 'n werklikheid.

'MAG' – Ek **mag** nou sekere dinge begin doen.

Die Heilige Gees vul jou nou met Sy Vrug en jy begin stelselmatig skoongemaak en nuut vervul – dit is om heilig te word.

'Dit is nie deur krag of geweld, maar deur My Gees' se God in Sagaria 4:6.

Mense wat in kerke is waar daar geen Heilige Gees werking is nie kan tog nie verwag om in bekragtiging te loop nie.

Waar kom krag vandaan?
Slegs van die Heilige Gees af.

Hulle is dit tog nie deelagtig nie.

Net soos wat die bloed van Jesus Christus oor alle grense kan gaan, so ook die aanraking van die Heilige Gees.

Dis daar vir almal wat Hom aanroep.

Soos wat die Heilige Gees jou nou begin lei en jou help en oortuig van sonde in jou lewe – so ervaar jy God se vergifnis en begin jy God op 'n ander vlak belewe.

My doel is om my verhouding met God dieper en sterker te maak en so te groei in 'n groter dimensie van Sy krag.

Voordat dit kom sal daar baie toetse en groei nodig wees om jou so verander soos wat God jou wil he.

Dus, na wedergeboorte volg die vervulling met die Heilige Gees.

Daar sal nou tekens van Heilige Gees werking in jou wees.

Dit bring die eerste salwing.

Dit openbaar die krag van die bloed in jou lewe deur die salwing met olie wat oor jou uitgegiet word.

DIE TWEEDE, DIEPER BEKRAGTIGING:

'DIE PRIESTERLIKE SALWING'

DIE SALWING VIR BEDIENING

As 'n gelowige, gereinig deur die bloed van Christus, wedergebore en verseël deur die Heilige Gees, kan en moet jy nou aanbeweeg na die volgende vlak van salwing.

Dit word die dieper vlak of die 'Priesterlike salwing' genoem – 'n ekstra salwing van God se krag – vir bediening.

Soos alle dieper vlakke van God se teenwoordigheid en krag is daar min Christene wat hierin beweeg of weet hulle ook nie regtig hoe om dit te ontvang nie. Elke lid van die kerk moet 'n sekere bediening hê. Dis hoekom hierdie stap vir die kerk so belangrik is.

Om van die eerste vlak van bekragtiging na die dieper vlak toe te beweeg, moet die gemaklike waarin ek leef totaal uit my uitkry.

Al die pyn en seer van die verlede moet uitkom sodat ek nie teuggehou word deur my verlede nie.

Wat is die prosesse waardeur jy moet gaan? (Die vereistes.)

Kruisiging van die vlees. Vas en gebed. Bevryding.

Sterf aan jouself. Sondebelydenis. Klaarmaak met die verlede.

So word jy gereed gemaak vir dienswerk.

Hierdie salwing is die bekragtiging vir bediening aan die Here.

Dit sluit in:

- om mense na die Here toe te lei,
- die versorging van ander skape, en
- die bediening aan God, as priesters.

Hier sien ons die werking van:

- die gawes van die Heilige Gees, en
- al vyf die bekende bedieninge.

Ons is almal geroep om priesters van God te wees.

Ons hoef nie noodwendig in voltydse diens te wees of agter kansels te staan of om genesings-dienste te hou nie.

As ons dan bedienaars van God is moet ons die krag van die Heilige Gees hê om so te kan doen.

Ons moet dus almal vervul wees met die Heilige Gees want dit is die priesterlike salwing op ons lewe.

Sonder dit sal ons weinig regkry.

Hierdie dieper vlak van salwing word ook geken aan die eenheid wat dit gee in die liggaam van Christus.

Daar is nie hier plek vir alleenlopers nie.

Daar is dus nie so iets soos 'n privaat priesterlike bediening nie.

Dit kom altyd in eenheid – in die liggaam.

Die priesterlike salwing is vir bediening.

Dit is nie net 'n 'eenmaal-ontvang salwing' nie.

Die eerste salwing is wel – jy kry dit eenmaal na wedergeboorte, en dit bly daar na vervulling met die Heilige Gees.

God sal jou net nooit laat gaan nie – behalwe as jy Hom los.

Die priesterlike salwing om mense te bedien - 'n daaglikse salwing.

Onder die ou wet is die priesters daaglik gesalf met olie.

Die priesterlike salwing bring die teenwoordigheid en die gemeenskap met die Heilige Gees.

Die groot jammerte is dat Christene nie wil vorder na hierdie vlak toe nie. Hulle soek net regtig nie meer nie.

Daarom gee hulle nooit totaal oor nie en hoor hulle net nooit die volheid van God se stem nie.

Jesus het tog so duidelik gesê: 'My skape hoor en ken my stem'.

Om Sy stem te hoor is 'n daaglikse belewenis.

Die tweede salwing kom nou na die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Dit kan egter verloor word – en dit as sonde in jou lewe inkom.

Wat is sonde?

Jakobus 4:17; 'As jy weet wat die regte ding is om te doen, en jy doen dit nie, is dit sonde'.

Daarom moet dit daaglik henuwe word.

Na hernuwing kom jy in Sy teenwoordigheid – so naby – so werklik.

DERDE EN DIEPSTE BEKRAGTING

'DIE KONINKLIKE SALWING'

SALWING VAN OUTORITEIT

As jy eers die eerste salwing belewe het en daarna die opwinding van sy priesterlike salwing – moet nie daar stop nie.

Weet dat daar nog iets dieper is.

Die koninklike salwing is die diepste en mees kragtige salwing.

Die vereiste is totale gehoorsaamheid.

Hier word jy opgelig na 'n hoër vlak van outoriteit in God.

Die outoriteit neem jou oor duiwels en demone en jy sal oor hulle heers deur jou woorde en dade.

Krag kom nou in jou in en alles van die duisternis sal van jou wegvlug.

Dis so dat hierdie salwing die moeilikste is om te ontvang.

Die eerste salwing kom deur Jesus Christus aan te neem.

Die tweede salwing kom deur gemeenskap met Jesus Christus,

Die derde salwing kom deur gehoorsaamheid aan Jesus Christus.

Daarna kom daar 'n tyd dat jy soveel krag ontvang dat jy demone van siekte en bindinge uit mense se lewe sal kan dryf.

Hierdie word beweeg deur die Heilige Gees en jy kom op 'n vlak waar jy niks meer voel nie.

Alles word beweeg deur bonatuurlike krag – die krag van God.

God belowe dat Hy sy Woord sal bevestig deur tekens en wonders.

Die genesing en bevryding van mense is nie die krag nie, dit is die

Dit sal mense oortuig van die werklikheid van God op 'n manier waarop hulle dit nog nooit gesien het nie.

HIERDIE SALWING BESTAAN AL LANKAL

Dawid skryf in ***Psalm 92 : 10***

“..ek is met vars olie gesalf..”

Dit toon duidelik die salwing van die Heilige Gees, want olie is altyd 'n tipe van die Heilige Gees in die Woord.

Dawid het drie salwinge gehad:

Die eerste salwing gebeur toe Samuel Bethlehem toe gaan om Isaï en sy seuns te gaan sien.

Toe Dawid inkom sê God: “Dit is hy – self hom.”

Die tweede salwing kom jare later in Hebron, toe hy gesalf word as die koning oor Juda.

Die derde salwing kom en daarna eers word hy die koning oor die hele Israel.

Die punt hier is dat ons as gelowiges nooit die vlak van heerskappy kan bereik, wat God vir ons beplan, as ons nie ook die derde salwing ontvang nie.

Die dissipels ontvang ook drie salwinge:

Die eerste toe Jesus oor hulle geblaas het en sê: "Ontvang die Heilige Gees."

Die tweede salwing kom met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag toe almal saam was.

Die derde salwing: Jesus stuur hulle uit deur handoplegging.

Deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk gebeur.

Dis later so sterk in Petrus, dat mense gesond word net as sy skaduwee op hulle val. (**Hand. 5 : 15**)

Die derde salwing het hier die gevolg gehad dat baie mense gered is vir die koninkryk.

Vandag benodig ons presies net weer dieselfde krag en salwing om die wêreld te oortuig.

DIT IS OOK VIR JOU VANDAG

So baie mense wil graag God se krag hê, maar hulle vergeet dat dit nie sal kom as hulle nie eers die teenwoordigheid van die Heilige Gees ontvang het nie.

Wanneer die teenwoordigheid kom, sal die eerste tekens daarvan die manifestasie van die VRUG van die GEES in hulle wees.

Die vrug sal gesien kan word deur almal wat jou elke dag sien.

Dis eers as die vrug daar is, dat God jou sal self met sy Heilige Gees – dit is Sy krag.

Net weer: dis die teenwoordigheid van God wat die krag bring.

Die krag-dimensie volg na die teenwoordigheid.

Nie anders om nie.

Die vrug en die teenwoordigheid kom saam.

Die salwing en krag kom weer saam.

As jy die bekragtiging en salwing kry, bevestig

dit **Hand. 1 : 8** in jou lewe: “ ..en jy sal Krag ontvang as die Heilige Gees kom, en my getuie wees..”

Net weer:

* Jy moet die teenwoordigheid eerste kry.

Dit kom as jy die vermoë ontvang om vrug te dra.

Dit sal dan vir God uitnooi om in jou te wees.

Die direkte gevolg daarvan is die teenwoordigheid.

* As Hy kom, sal die salwing inkom – d.i. krag,

* Nou sal jy Sy getuie kan wees.

God sê: “..Ek salf nie houers wat leeg is van My nie..”